

DIE BYBEL in 'n neutedop 1 & 2 Kronieke



—deur Peter Hammond

Wie het Kronieke geskryf?

Esra het die boeke 1 en 2 Kronieke saamgestel en geskryf deur van die amptelike geskiedenis en argiewe gebruik te maak: Die Kronieke van koning Dawid, die Boek Samuel, die Boek Nataniël, die Profesie van Ahia, die Boek van die Konings van Israel, die Visioen van die profeet Jesaja, en ander annale. Esra het toegang tot die joernale, dagboeke en argiewe gehad wat nou nie meer beskikbaar is nie.



“Gee nou hart en siel daaraan om aan die Here julle God gehoorsaam te wees,” 1 Kronieke 22:19

Wat is die verskil tussen Konings en Kronieke?

In 1 en 2 Konings word 'n parallelle verslag gedoen van die noordelike koninkryk van Israel en die suidelike koninkryk van Juda. Kronieke fokus hoofsaaklik op die suidelike koninkryk. Drie gedeeltes van Kronieke:

koninkryk verdeeld was

Hoekom soveel aandag bestee aan geslagsregisters?

Onder die ou Verbond is grond vir ewig en altyd aan families uitgedeel en dit kon nie verkoop word nie. Dit moes vir altyd binne familiebesit bly.

Die klem op stambome in die Bybel dui daarop dat 'n belangrike deel van ons identiteit bestaan uit wie ons ouers en voorouers is.

- 1 Kronieke 1 – 9 lys die geslagsregisters
- 1 Kronieke 10 – 2 Kronieke 9 verteenwoordig die verhaal van die verenigde koninkryk onder koning Dawid en sy seun, Salomo
- 2 Kronieke 10 – 36 vertel die verhaal van Juda gedurende die tyd toe die

Priesterskap is ook volgens families oorgeërf; gevolglik moes die koninklike bloedlyn uit die voorgeslag van Dawid kom. Die klem op stambome in die Bybel dui daarop dat 'n belangrike deel van ons identiteit spruit uit wie ons ouers en voorouers is. Met wie ons trou, sal toekomstige geslagte tot in ewigheid beïnvloed.

Wie is die hoofkarakters?


Die sentrale figuur in 1 Kronieke, is koning Dawid. Die sentrale karakters in 2 Kronieke is: koning Salomo, koning

Jesus in Kronieke

Jesus Christus is die Seun van Dawid, die Messias, die Koning van konings, die Heer van here. Hy het 'n groter koninkryk as dié van Salomo; Christus het groter wysheid, Hy is verhewe bo die tempel. Hy is verhewe bo die hoëpriester. Hy is die ewige regter.

“Loof die Here! Roep Hom aan! Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het. Sing liedere, sing tot Sy eer, vertel van Sy magtige daade. Roem Sy heilige Naam, laat dié wat die teenwoordigheid van die Here soek, bly wees. Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig Sy teenwoordigheid. Julle moet dink aan die magtige daade wat Hy gedoen het, aan Sy wonders, aan die reddingsdade op Sy bevel!”

Psalm 105:1-5.



Asa, koning Josafat, koning Joas, koning Hiskia en koning Josia.

Hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel!” 2 Kronieke 7:13-14.

Die Tempel

Die Ark van die Verbond, die tabernakel, die tempel, en aanbidding van die Here is sentraal in Kronieke. Dawid se inname van Jerusalem, die vervoer van die Ark na

Nasionale berou

Wanneer enige natuurlike, of mensgemaakte, ramp plaasvind, is God se opdrag aan Sy volk om hulle te verootmoedig, om te bid en Sy aangesig te



Kronieke is duidelik daarvoor dat God altyd Sy volk eers waarsku voordat Hy Sy oordeel oor hulle bring. Alles het nagevolge.

Jerusalem, die voorbereiding vir die bou van die tempel en die inwyding van die luisterryke tempel in Jerusalem, kry heelwat aandag in Kronieke.

soek en van hulle goddelose weë af te sien. Slegs dan belooft Hy om na ons gebede te luister, ons sonde te vergewe en ons land te genees.

Om God se aangesig te soek

Nadat die tempel ingewy is, het God aan Salomo verskyn en Hom beveel: *“As Ek die hemel gesluit hou sodat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land kaal te vreet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk oor wie My Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na My wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die*

Sonde is ernstig

Kronieke is duidelik daarvoor dat God Sy volk altyd eers waarsku voordat Hy Sy oordeel oor hulle bring. Sonde is ernstig; dit bring altyd nagevolge mee. Jerusalem het tot 'n val gekom en die tempel is verwoes weens die volk se volharding in onsedelikheid en afgodediens. ■

DR PETER HAMMOND is 'n sendeling, historikus en outeur. Skakel: 021 689 4480; mission@frontline.org.za; www.frontline.org.za

Hervormings en herlewings

Daar is vyf groot tydperke van hervorming en geestelike herlewings wat in 2 Kronieke opgeteken is: koning Asa (hoofstuk 15), Josafat (hoofstuk 17), Joas (hoofstuk 23), Hiskia (hoofstuk 29-31) en Josia (hoofstuk 34-35).

Tydens elkeen van hierdie hervormings-tye was daar 'n terugkeer na die bestudering en toepassing van die Wet van God op elke lewensgebied. Afgode is vernietig, onsedelikheid is bely en prostitute uit die land verban, pornografiese Asjerabeelde is vernietig en Baäl-altare, waar babas geoffer is, afgebreek. Daar is daadwerklik opgetree om sonde in harte en in die samelewing aan te spreek. Hierdie tye waarin God se aangesig in opregtheid gesoek is, is opgevolg deur geestelike herlewings.